

**TOERISME  
KWARTAAL 2**

**GRAAD 11**

**Onderwerp: Kultuur en Erfenis**

**Inhoud: Die uniekheid van Suid-Afrikaanse kulture**

<b>Konsepte:</b>	
<b>Kulturele uniekheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kulturele ervaring wat verskaf word, eie is aan die gebied en kan nie elders ervaar word nie.</li> </ul>
<b>Kulturele diversiteit</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die verskeidenheid van kulturele of etniese groepe in 'n samelewing.</li> </ul>
<b>Belangrikheid van die Xhosa kulture in die Oos-Kaap vir toerisme:</b>	
<p><b>Kuns en handewerk</b></p> 	<p>Items wat toeriste kan koop sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kralewerk</li> <li>• Tradisionele kleredrag</li> <li>• Arm- en enkelbande</li> <li>• Kleipotte</li> <li>• Hout rookpype</li> <li>• Mandjies</li> <li>• Geweefde matte</li> <li>• Hout beeldhouwerk</li> <li>• Tradisionele wapens</li> </ul> 
<p><b>Gebruike / praktyke</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beeste is deel van die gebruik, lobola, waarby die man die familie van sy verloofde kompenseer omdat hy met haar trou, deur beeste te gee.</li> <li>• In moderne tye word die lobola gewoonlik in geldwaarde betaal, gelykstaande aan die waarde van die beeste.</li> <li>• Inisiasie seremonies waar die seuns mans word word deur die meeste Xhosa's beoefen.</li> <li>• Die seuns wat inisiasie ondergaan (<i>abakhwetha</i>) word oor Xhosa tradisies geleer en hoe om as mans op te tree. Besnyding is 'n kerngedeelte van die inisiasieseremonie.</li> </ul> 

### Kookkuns (voedsel)



Umpokoqho

Toeriste kan hierdie kossoorte tydens besoeke aan kultuurdorpie of selfs tavernes in dorpie of woonbuurte “townships” geniet:

- *Umngqusho* (mielies en bone)
- Umqombothi (sorgumbier)
- Xhosa brood
- *Umpokoqho* (mieliepap met suurmilk)
- *Isopho* (koringsop)
- *Imithwane* (pampoenblaar en botter mengsel)
- *Ilaxa* (pampoenblaar met vars gekookte pampoen)



Umngqusho

### Kleredrag



- Tradisionele vroueklere sluit klere met helder kleure in soos oranje, groen, rooi en wit met omboorsel en krale wat saam met 'n romp gedra word. Die hooftoisel is 'n kleurvolle gevlegde tulbandhoed.
- Die Xhosa is bekend vir hulle pragtige kralewerk wat 'n belangrike deel uitmaak van die vrouens se tradisionele drag.
- Tradisioneel dra vrouens lang halssnoere gemaak van krale, met 'n kraag gemaak van veelkleurige krale om die nek asook arm- en enkelbande gemaak van krale.
- Volgens tradisie toon die vrouens se klere en ornamente die verskillende stadiums van hulle lewens.
- Tradisioneel dra Xhosamans gewoonlik 'n bedekking om hulle middel en 'n kort diervel-mantel oor die skouers. Soms word die mantel met 'n kombes vervang. Xhosamans het tradisioneel diervel sandale gedra.
- Tydens inisiasie smeer Xhosa seuns hulle liggame wit en dra 'n kombes of skaapvel vir beskerming teen kwaad.



### Volks- oorlewings



Imbongi

- Volks-oorlewings is die tradisionele geloof, gebruike, mites en stories van die gemeenskap wat deur mondelinge oortelling van nageslag tot nageslag oorgedra word.
- Xhosa tradisie is ryk aan kreatiewe verbale uitdrukking. *Intsomi* (volksverhale), spreekwoorde en *isibongo* (prys-/lofgedigte) word op dramatiese en kreatiewe maniere vertel.
- Lofsangers (imbongi) speel 'n belangrike kulturele rol.

### Musiek en dans



- Xhosa tradisionele musiek lê klem op groepsang en handeklap saam met dans
- Dromme word soms gebruik.
- Ander instrumente sluit ratels, fluite en mondharpes in.



### Kultuur-dorpie

- Daguitstappies by kultuurdorpie en tuisblygeleenthede by lede van die gemeenskap (homestays) bied aan toeriste oorspronklike en onvergeetlike ervarings deur interaksie met plaaslike dorpenaars
- Hierdie besoeke gee aan toeriste die geleentheid om die Xhosa kultuur, hul leefstyl en tradisionele musiek te ervaar. Asook die plaaslike disse te proe en kuns- en handwerk te koop.
- Voorbeelde van kultuurdorpie wat toeriste na die Oos-Kaap verwelkom is:
  - Cata Kultuurdorp naby Keiskammahoek
  - Khaya La Bantu Kultuurdorp naby Oos-Londen
  - Mgwaldorp naby Stutterheim
  - Isinamva Kultuurdorp naby Mount Frere



### Tradisionele leiers

- Tradisionele leiers word as gemeenskapsleiers beskou en is simbole van eenheid in die gemeenskap.
- Hulle moet egter geraadpleeg word voordat daar aan hulle status verander word. Tradisionele leiers speel 'n belangrike rol in gemeenskaps- en streeksontwikkeling.
- Toeriste stel belang om die Oos-Kaap te besoek aangesien dit die geboorteplek van sommige van Suid-Afrika se bekendste politieke figure soos Nelson Mandela, Robert Sobukwe, Steve Biko, Chris Hani, Govan Mbeki, Thabo Mbeki en Oliver Tambo is.

### Tradisionele medisyne en genesing

- Waarsêers en genesers (*Sangoma's*) is belangrik in die geestelike lewe en gesondheid van Xhosas. Hulle is die lewende skakel tussen die mense en hulle voorvaders. Sangoma's beoefen ook tradisionele Afrika-medisyne.
- Siekes besoek tradisionele Xhosa- kruiedokters (*amaxwele*), wat vir hulle mengsels van bas, wortels en kruie gee om hulle beter te laat voel.



### Historiese geboue en museums



Albany Museum



Nelson Mandela Museum, Mthatha

- Die Albany Museum in Makhanda geleë (voorheen bekend as Grahamstad) is in 1855 oopgemaak en is die tweede oudste museum in Suid-Afrika.
- Die Nelson Mandela Museum bied aan besoekers 'n reis deur die lewe van Nelson Mandela. Dit is op drie geskiedkundige terreine geleë: Mthatha, Mvezo en Qunu.

- Route 67 in Nelson Mandela Bay se sentrale besigheidsdistrik is 'n kuns- en erfenis-staproeite wat 67 openbare kunswerke deur verskeie Oos-Kaap kunstenaars insluit. Dit vertel die verhaal van Port Elizabeth se ryk erfenis – beide koloniaal en die geskiedenis van Nelson Mandela. Kunswerke sluit in die Stemrybeeldhouwerk by die Donkin Reserve.



Stemrybeeldhouwerk



Owl House

- Die Uilhuis in Nieu Bethesda naby Graaff Reinet, is 'n museum met beton- en glasdiere.

### Kunsteefeeste



national  
arts  
festival

- Die Nasionale Kunsteefeeste in Makhanda (voorheen bekend as Grahamstad) is die grootste viering van kultuur en die kunste op die vasteland van Afrika.

- Die fees word jaarliks oor 11 dae gedurende Junie en Julie gehou. Van teater tot dans, opera tot kabaret, kuns tot handwerk, klassieke musiek tot jazz, gedigvoorlesings tot lesings, elke kunsvorm denkbaar word in



een van die mees diverse feeste in die wêreld gebied.

## Hoe kulturele uniekheid en diversiteit in Suid-Afrika inkomende en plaaslike toerisme kan bevorder.

<p><b>Inkomende toeriste</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ons kulturele uniekheid en diversiteit is veral belangrik om inkomende toeriste te lok.</li> <li>• Internasionale toeriste stel daarin belang om Suid-Afrika te besoek aangesien dit die tuiste van baie diverse kulture is wat elkeen hul eiesoortige musiek, kossoorte, kunsvorms en tradisionele rituele ontwikkel het wat hul waardes en oortuigings simboliseer.</li> <li>• Suid-Afrika het sekere unieke kulturele gebruike wat toeriste slegs in hierdie land kan aantref.</li> </ul>
<p><b>Plaaslike toerisme</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die bywoning van kulturfeste is een van die hoofmotiveerders van plaaslike reise.</li> <li>• Voorbeelde van kulturfeste is die Kaapstad Jazz-fes en Macufe in Bloemfontein.</li> <li>• Die Sho't Left-veldtog het ook Suid-Afrikaners aangemoedig om nuuskierig te word oor mekaar se kulture en erfenis.</li> <li>• Hierdie het plaaslike toerisme bevorder en het ook gehelp om seisoenaliteit in die plaaslike toerismemark te verminder.</li> </ul>